- (d) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “**finansiële belang**” in te voeg:
 “**‘gefortifiseerde wyn’** wyn waarby ’n spiritus wat van die gegiste sap van die produk van die wingerdstok verkry is, tot so ’n mate toegevoeg is dat die alkoholinhoud daarvan minstens 15,0% is, maar nie 22,0% oorskry nie;”;
- (e) deur die omskrywing van “**gelisensieerde besigheid**” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘gelisensieerde besigheid’** die besigheid wat op ’n gelisensieerde perseel bedryf mag word soos deur die [Raad] Owerheid gemagtig;”;
- (f) deur die omskrywing van “**Hoof-Uitvoerende Beampte**” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘Hoof-Uitvoerende Beampte’** die persoon wat ingevolge artikel 26(1)(a) as Hoof-Uitvoerende Beampte van die [Raad] Owerheid aangestel is;”;
- (g) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “**munisipaliteit**” in te voeg:
 “**‘natuurlike wyn’** wyn waarvan die alkoholinhoud ten minste 6,5% maar minder as 16,5% is, maar sluit gefortifiseerde wyn uit;”;
- (h) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “**openbare pad**” in te voeg:
 “**‘Owerheid’** die Wes-Kaapse Drankowerheid deur artikel 2(1) ingestel;”;
- (i) deur die omskrywing van “**perseel**” met die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘perseel’** ’n plek, grond, ’n gebou, ’n deel van ’n gebou, ’n voertuig of ’n vaartuig wat hoofsaaklik vir die vervoer van toeriste gebruik word[, ’n vaartuig of ’n vliegtuig];
- (j) deur die weglating van die omskrywing van “**tafelwyn**”;
- (k) deur die omskrywing van “**Raad**” met die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘Raad’** die beheerliggaam van die Owerheid in artikel 2(2)(a) bedoel;”;
- (l) deur die omskrywing van “**Voorsitter**” met die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘Voorsitter’** die persoon aangewys as Voorsitter van die Raad ingevolge artikel 3[(6)](5) of ’n persoon wat tydelik as Voorsitter in sy of haar afwesigheid waarneem ingevolge artikel 3[(7)](6);”;
- (m) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “**voorskryf**” in te voeg:
 “**‘vorige Raad’** die Drankraad wat deur artikel 5 van die Drankwet, 1989 (Wet 27 van 1989), vir die Provinsie ingestel word;” en
- (n) deur die volgende omskrywing by te voeg:
 “**‘wyn’** wyn soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Drankprodukte, 1989.”.

Vervanging van opskrif van Hoofstuk 2 van Wet 4 van 2008 45

3. Die opskrif van Hoofstuk 2 van die Hoofwet word deur die volgende opskrif vervang:

“WES-KAAPSE [DRANKRAAD] DRANKOWERHEID”.

Vervanging van artikel 2 van Wet 4 van 2008

4. Artikel 2 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang: 50

“Instelling van Wes-Kaapse [Drankraad] Drankowerheid

2. (1) ’n Onafhanklike regspersoon, wat as die Wes-Kaapse [Drankraad] Drankowerheid bekend sal staan, word hierby ingestel.

(2) Die [Raad] Owerheid het die reg en bevoegdheid om regsdinge in te stel en daaraan deel te neem en om al sy werksaamhede in sy eie naam te verrig, en bestaan uit—

(a) ’n beherende Raad; en

(b) 'n Dranklisensieringstribunaal.’’.

Vervanging van artikel 4 van Wet 4 van 2008

5. Artikel 4 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Gesiktheid vir aanstelling as lid [of werknemer] van Raad

4. Ten einde gesik te wees vir aanstelling as lid [of 'n werknemer] van die Raad, moet 'n persoon—

- (a) [in die geval van 'n lid van die Raad,] die ouderdom van vyf-en-twintig (25) jaar [of, in die geval van 'n werknemer van die Raad, die ouderdom van agtien (18) jaar] bereik het; 10
- (b) 'n burger van die Republiek van Suid-Afrika wees en permanent in die Provinsie woonagtig wees; en
- (c) nie kragtens artikel 5 gediskwalifiseer word nie.’’.

Wysiging van artikel 5 van Wet 4 van 2008

6. Artikel 5 van die Hoofwet word gewysig— 15

- (a) deur in die opskrif die woorde “of werknemer” te skrap;
- (b) deur die woorde wat paragraaf (a) in subartikel (1) voorafgaan met die volgende woorde te vervang:
 - “Die volgende persone kwalifiseer nie om as lede [of werknemers] van die Raad aangestel te word, voort te gaan of op te tree nie—”; en 20
- (c) deur in subparagraaf (ii) in paragraaf (f) in subartikel (1) die woorde “of werknemer” te skrap.

Invoeging van artikel 6A in Wet 4 van 2008

7. Die volgende artikel word na artikel 6 in die Hoofwet ingevoeg:

“Bevoegdhede en funksies van Raad 25

6A. Die Raad—

- (a) het die bevoegdhede en funksies wat deur hierdie Wet aan hom opgelê of opgedra word;
- (b) moet die besigheid van die Owerheid bestuur;
- (c) mag die bevoegdhede uitoefen en moet die pligte verrig wat deur hierdie Wet of enige ander wet aan die Owerheid verleen of opgedra word, uitgesonderd bevoegdhede of pligte wat spesifiek aan die Dranklisensieringstribunaal verleen of opgedra word; en 30
- (d) mag komitees aanstel wat bestaan uit lede van die Raad.’’.

Wysiging van artikel 7 van Wet 4 van 2008 35

8. Artikel 7 van die Hoofwet word gewysig deur—

- (a) in die Engelse teks, die verwysing na subartikel (1) te skrap; en
- (b) deur die woord “en” met die woord “of” aan die einde van paragraaf (e) te vervang.

Vervanging van artikel 8 van Wet 4 van 2008 40

9. Artikel 8 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Vakatures

8. (1) In die geval van 'n vakature [in artikel 7 beoog,] wat in die Raad ontstaan, moet die Minister 'n nuwe lid op die Raad aanstel ingevolge [artikels] artikel 3 [4, 5 en 6]. 45

(2) Waar van toepassing, beklee 'n lid wat aldus aangestel is die amp vir die onverstreke tydperk van sy of haar voorganger se ampstermyn.’’.

Wysiging van artikel 9 van Wet 4 van 2008

10. Artikel 9 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur die woord “Raad”, oral waar dit voorkom, insluitend in die opskrif, met die woord “Owerheid” te vervang;
 - (b) deur paragraaf (b) met die volgende paragraaf te vervang: 5
 “(b) om aansoeke vir dranklisensies of vrystellings ingevolge hierdie Wet te ontvang **[en om die aansoeke na die Dranklisensiëringstribunaal deur te stuur];**”;
 - (c) deur paragraaf (f) met die volgende paragraaf te vervang: 10
 “(f) om **[personeel]** werknemers, insluitend werknemers van die Appèltribunaal, aan te stel en te ontslaan en om alles te doen wat daarmee in verband staan;”; en
 - (d) deur paragrawe (h) en (t) te skrap.

Wysiging van artikel 10 van Wet 4 van 2008

11. Artikel 10 van die Hoofwet word gewysig— 15
- (a) deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:
 “(1) Die **[Raad]** Owerheid mag enige bevoegdheid of funksie van die Owerheid **[aan]** skriftelik aan die Hoof-Uitvoerende Beampte delegeer om dit namens die **[Raad]** Owerheid uit te oefen of te verrig.”;
 - (b) deur subartikel (7) met die volgende subartikel te vervang: 20
 “(7) Die **[Raad]** Owerheid mag nie enige bevoegdheid of funksie bedoel in artikel 9[(h),] (o), (p) **[en]** of (s) delegeer nie.”; en
 - (c) deur die woord “Raad”, oral waar dit voorkom, met die woord “Owerheid” te vervang.

Wysiging van artikel 11 van Wet 4 van 2008 25

12. Artikel 11 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (3) met die volgende subartikel te vervang:
- “(3) Die **[vergoeding]** bepalings en diensvoorwaardes van enige persoon wat ingevolge hierdie artikel gekoopteer word, insluitend die besoldiging en toelaes, indien enige, betaalbaar ingevolge artikel 27 **[word deur die Raad bepaal]** moet vervat word in ’n skriftelike ooreenkoms wat vir hierdie doel tussen die Owerheid en daardie persoon aangegaan word.” 30

Wysiging van artikel 12 van Wet 4 van 2008

13. Artikel 12 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang: 35
- “(1) Geen **[lid of]** werknemer van die Owerheid of lid van die Raad, met inbegrip van enige gekoopteerde persoon in artikel 11(1) of 20(5) bedoel, of enige konsultant wat deur die **[Raad]** Owerheid in diens geneem word, mag enige inligting openbaar maak wat tot daardie 40
 persoon se kennis gekom het op grond van sy of haar indiensneming deur die Owerheid of aanstelling op [,] of koöptering in **[of indiensneming deur]** die Raad of die Dranklisensiëringstribunaal en wat met die werksaamhede of sake van die **[Raad]** Owerheid, ’n aansoeker vir ’n lisensie of ’n lisensiehouer verband hou nie, behalwe soos bepaal in 45
 hierdie artikel en artikel 36(3)(b) en (c).”.

Wysiging van artikel 14 van Wet 4 van 2008

14. Artikel 14 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (2) met die volgende subartikel te vervang:
- “(2) Die Voorsitter moet verseker dat **[Notule moet gehou word]** 50
notules van vergaderings van die Raad gehou word [en die notules moet by die kantoor van die Raad bewaar word].”.

Vervanging van opskrif van Hoofstuk 3 van Wet 4 van 2008

15. Die opskrif van Hoofstuk 3 van die Hoofwet word deur die volgende opskrif vervang:

“[WES-KAAPSE] DRANKLISENSIËRINGSTRIBUNAAL EN
APPËLTRIBUNAAL”.

5

Herroeping van artikel 15 van Wet 4 van 2008

16. Artikel 15 van die Hoofwet word herroep.

Wysiging van artikel 17 van Wet 4 van 2008

17. Artikel 17 van die Engelse teks van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (h) met die volgende paragraaf te vervang:

10

“(h) anyone who is not resident in the Province.”.

Wysiging van artikel 18 van Wet 4 van 2008

18. Artikel 18 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (4) met die volgende subartikels te vervang:

“(4) ’n Vakature in die Dranklisensiëringstribunaal moet gevul word deur die aanstelling van ’n ander lid deur die Raad ooreenkomstig die toepaslike bepaling van artikel 16.

(5) Waar van toepassing, beklee ’n lid wat aldus aangestel is die amp vir die onverstreke tydperk van sy of haar voorganger se ampstermyn.”.

15

Wysiging van artikel 19 van Wet 4 van 2008

20

19. Artikel 19 van die Hoofwet word gewysig deur die woord “en” na paragraaf (e) met die woord “of” te vervang.

Wysiging van artikel 20 van Wet 4 van 2008

20. Artikel 20 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) met die volgende paragraaf te vervang:

“(a) ’n Aansoek vir ’n lisensie bedoel in artikel 33(1) [of 48];”;

(b) deur paragraaf (d) in subartikel (1) met die volgende paragraaf te vervang:

“(d) ’n verslag [aan hom voorgelê] by hom ingedien deur ’n aangewese drankbeampte, ’n inspekteur of ’n munisipale beampte;”;

(c) deur die volgende subartikels na subartikel (4) in te voeg:

30

“(4A) Die Dranklisensiëringstribunaal moet sy funksies ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel verrig.

(4B) Die Raad moet oor die administrasie van die Dranklisensiëringstribunaal toesig hou maar mag geen besluit van die Dranklisensiëringstribunaal herroep of wysig wat in die uitoefening of verrigting van enige van sy bevoegdhede of funksies ingevolge hierdie artikel geneem is nie.

35

(4C) Die Voorsittende Beampte moet ’n verslag soos voorgeskryf oor die aktiwiteite van die Dranklisensiëringstribunaal gedurende ’n boekjaar binne twee maande na die einde van daardie boekjaar aan die Raad voorlê.”; en

40

(d) deur subartikel (7) met die volgende subartikel te vervang:

“(7) Die [vergoeding] bepalings en diensvoorwaardes van ’n persoon ingevolge subartikel (5) gekoöpteer, insluitend die besoldiging en toelaes, indien enige, betaalbaar ingevolge artikel 27 [moet deur die Raad bepaal word] moet vervat word in ’n skriftelike ooreenkoms wat vir hierdie doel tussen die Owerheid en daardie persoon aangegaan word.”.

45

Wysiging van artikel 25 van Wet 4 van 2008

21. Artikel 25 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die Minister moet, vir ’n termyn deur hom of haar bepaal, ’n persoon, op ’n deelydse basis, aanstel met regs kwalifikasies gelykwaardig aan dié wat vir toelating as prokureur, of advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika vereis word, en met ervaring in regspleging, om as Appèltribunaal op te tree om te beslis oor appèlle teen of aansoeke vir die hersiening van die besluite van die Dranklisensieringstribunaal ingevolge hierdie Wet.”.

Wysiging van artikel 26 van Wet 4 van 2008

22. Artikel 26 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur die woorde “Raad, Dranklisensieringstribunaal” in die artikelopskrif met die woord “Owerheid” te vervang;
- (b) deur paragraaf (a) in subartikel (1) met die volgende paragraaf te vervang: 15
 “(a) ’n persoon met geskikte kwalifikasies en ondervinding as Hoof-Uitvoerende Beampte met die doel om die **[Raad] Owerheid** by te staan in die nakoming van alle finansiële en administratiewe verantwoordelikhede van die **[Raad] Owerheid**, die Dranklisensieringstribunaal en die Appèltribunaal, en wat ten opsigte daarvan teenoor die Raad verantwoordingspligtig is;”;
- (c) deur paragraaf (c) van subartikel (1) met die volgende paragraaf te vervang: 20
 “(c) die ander **[personeel] werknemers** wat nodig mag wees om die **[Raad, die Dranklisensieringstribunaal] Owerheid** en die Appèltribunaal in staat te stel om hulle funksies te verrig.”;
- (d) deur subartikel (2) met die volgende subartikel te vervang: 25
 “(2) Die **[personeel] werknemers** van die **[Raad, die Dranklisensierings-tribunaal] Owerheid** en die Appèltribunaal moet—
 (a) aangestel word op die bepalings en voorwaardes wat deur die **[Raad] Owerheid in oorleg met die Minister en die Minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie** bepaal is **[en moet deur die Raad besoldig word]**; en
 (b) hulle funksies en pligte verrig en uitvoer onderworpe aan die voorskrifte en beheer van die **[Raad] Owerheid**.”;
- (e) deur subartikel (3) met die volgende subartikel te vervang: 35
 “(3) Die **[Raad] Owerheid**, in oorleg met die Minister en die Minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie—
 (a) moet ’n mensehulpbronbeleid vir die **[Raad, die Dranklisensieringstribunaal,] Owerheid** en die Appèltribunaal, en **[sy personeel] hulle werknemers** bepaal; en 40
 (b) moet die besoldiging van sy **[personeel] werknemers** en die werknemers van die Appèltribunaal bepaal, behalwe die **[personeellede] werknemers** wat ingevolge subartikel (5) gesekondeer is.”;
- (f) deur subartikel (4) met die volgende subartikel te vervang: 45
 “(4) Die Raad moet, op aanbeveling van die Hoof-Uitvoerende Beampte, ’n gedragskode, van toepassing op alle **[personeellede] werknemers** van die **[Raad, die Dranklisensieringstribunaal] Owerheid** en die **[Appèlraad] Appèltribunaal**, bepaal om die volgende te verseker— 50
 (a) voldoening aan toepaslike wetgewing;
 (b) die doeltreffende, doelmatige en ekonomiese gebruik van die **[Raad] Owerheid** se fondse en hulpbronne;
 (c) die bevordering en handhawing van ’n hoë etiese standaard;
 (d) die voorkoming van belangebotsings; 55
 (e) die beskerming van vertroulike inligting wat deur die **[Raad, die Dranklisensieringstribunaal] Owerheid** en die Appèltribunaal gehou word; en
 (f) professionele, eerlike, onpartydige, regverdige, etiese en billike diens.”; 60

- (g) deur subartikel (5) met die volgende subartikel te vervang:
 “(5) Die **[Raad]** Owerheid mag gebruik maak van die dienste van persone wat uit die staatsdiens gesecondeer of oorgeplaas is in ooreenstemming met die bepalings van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994).”;
- (h) deur, in die Engelse teks van die Hoofwet, subartikel 6 met die volgende subartikel te vervang:
 “(6) The Chief Executive Officer may enter into such financial transactions as may be required for the operation of a public entity, including but not limited to, entering into partnerships with other organs of state and **[to engage]** engaging the services of contractors and service providers.”;
- (i) deur subartikel (7) met die volgende subartikel te vervang:
 “(7) Die Hoof-Uitvoerende Beampte mag enige aangeleentheid wat ingevolge artikel **[9]** 6A binne die bevoegdhede en funksies van die Raad of ingevolge artikel 9 binne die bevoegdhede en funksies van die Owerheid of ingevolge artikel 20 binne die bevoegdhede en funksies van die Dranklisensieringstribunaal ressorteer, na ’n vergadering van die Raad of die Dranklisensieringstribunaal, na gelang van die geval, verwys.”; en
- (j) deur subartikel (8) met die volgende subartikel te vervang:
 “(8) Die Hoof-Uitvoerende Beampte moet verseker dat notules **[Notules]** van verrigtinge van die Raad, Dranklisensieringstribunaal en die Appèltribunaal **[moet gehou word en moet]** by die kantore van die **[Raad]** Owerheid bewaar word en **[is]** beskikbaar is vir enige persoon vir die doel van insae of kopiëring, behoudens die betaling van die voorgeskrewe fooi en behoudens die bepalings van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000).”.

Vervanging van artikel 27 van Wet 4 van 2008

23. Artikel 27 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Besoldiging [van Hoof-Uitvoerende Beampte, lede van Raad, Dranklisensieringstribunaal en Appèltribunaal]

27. (1) Die **[Hoof-Uitvoerende Beampte,]** lede van die Raad en die Dranklisensieringstribunaal, **[en]** die persoon wat aangestel word om as die Appèltribunaal op te tree en persone wat ingevolge artikel 11(1) of 20(5) gekoopteer is, is geregtig om redelike besoldiging en toelaes te ontvang soos deur die Minister, in oorleg met die Minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie, bepaal.

(2) Subartikel (1) is nie op ’n persoon wat in die voltydse diens van die Staat is van toepassing nie.”.

Wysiging van artikel 28 van Wet 4 van 2008

24. Artikel 28 van die Hoofwet word gewysig deur die woord “Raad”, oral waar dit voorkom, met die woord “Owerheid” te vervang.

Wysiging van artikel 29 van Wet 4 van 2008

25. Artikel 29 van die Hoofwet word gewysig deur subartikels (1) en (2) met die volgende subartikels te vervang:

“(1) Die Ouditeur-Generaal moet die finansiële state van die **[Raad]** Owerheid audit.

(2) Die Raad moet, binne vyf maande na die einde van ’n boekjaar, ’n verslag oor **[sy]** die aktiwiteite van die Owerheid gedurende daardie boekjaar aan die Minister voorlê vir tertafellegging in die Provinsiale Parlement.”

Wysiging van artikel 30 van Wet 4 van 2008

26. Artikel 30 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur die woord “Raad”, oral waar dit voorkom, met die woord “Owerheid” te vervang;
- (b) deur paragraaf (c) in subartikel (2) met die volgende paragraaf te vervang:
“(c) fooie bedoel in artikels 26(8), 36(1)(e), 38, [63(4),] 64(1) en 65(9).”;
en 5
- (c) deur subartikel (3) met die volgende subartikel te vervang:
“(3) Die fooie bedoel in artikel [36(5)] 37(4)(a)(i) en (b)(i) moet aan die betrokke munisipaliteit betaal word.”.

Wysiging van artikel 31 van Wet 4 van 2008

27. Artikel 31 van die Hoofwet word gewysig— 10
- (a) deur die woorde wat paragraaf (a) in subartikel (1) voorafgaan, met die volgende woorde te vervang:
“Die [Hoof-Uitvoerende Beamppte] Owerheid moet ’n fonds instel vir die doel van—”;
- (b) deur subartikel (2) met die volgende subartikel te vervang: 15
“(2) Die [Hoof-Uitvoerende Beamppte moet, na oorleg met die Raad en] Owerheid moet, in oorleg met die Minister, die opdragte vir die fonds in subartikel (1) bedoel, verskaf en die fonds administreer.”
- (c) deur subartikel (3) met die volgende subartikel te vervang:
“(3) Die begroting van die fonds moet ingesluit word by die begroting van die Owerheid wat ooreenkomstig die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, voorgelê moet word.”; en 20
- (d) deur subartikel (4) met die volgende subartikel te vervang:
“(4) Die [Hoof-Uitvoerende Beamppte moet, in oorleg met die Raad, die Minister en die Minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie,] Owerheid moet ’n rekening vir die fonds op die naam van die [Raad] Owerheid open by ’n instelling wat ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet 94 van 1990), as ’n bank geregistreer is.”. 25

Wysiging van artikel 32 van Wet 4 van 2008

28. Artikel 32 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (3) met die volgende subartikel te vervang: 30
“(3) ’n Persoon, uitsluitend ’n persoon in artikel 84(1) beoog, wat, sonder vrystelling ingevolge [artikel 84(1) of (2),] artikel 84(2), drank mikro-vervaardig of verkoop in stryd met subartikel (1) of (2), is skuldig aan ’n misdryf.”. 35

Wysiging van artikel 33 van Wet 4 van 2008

29. Artikel 33 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur paragrafe (e) en (f) te skrap; en
- (b) deur die volgende nuwe subartikel by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word: 40
“(2) Die Voorsittende Beamppte mag die volgende lisensies toestaan—
- | | |
|---|----|
| (a) ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op of buite die perseel waar drank by spesiale geleenthede verkoop word; | 45 |
| (b) ’n tydelike dranklisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op of buite die perseel waar drank verkoop word.”. | |

Wysiging van artikel 34 van Wet 4 van 2008

30. Artikel 34 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, met die volgende woorde te vervang: 50
“(1) Die Dranklisensieringstribunaal of Voorsittende Beamppte, na gelang van die geval, mag nie ’n lisensie toestaan nie tensy hy of sy volgens oorwig van waarskynlikheid oortuig is dat—”; en

- (b) deur die volgende subartikel by te voeg:
 “(2) Paragraaf (d) van subartikel (1) is nie van toepassing op die aansoeker vir ’n lisensie bedoel in artikel 33(2)(a) nie.”.

Wysiging van artikel 36 van Wet 4 van 2008

31. Artikel 36 van die Hoofwet word gewysig— 5
- (a) deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:
 “(1) ’n Aansoek vir ’n lisensie van ’n kategorie in artikel 33(1) bedoel, moet by die **[Raad] Owerheid** gedoen word deur voor of op die voorgeskrewe datum—
- (a) die voorgeskrewe aansoekvorm, behoorlik ingevul; 10
- (b) ’n soneringsertifikaat of ’n afskrif van ’n beplanningsaansoek ingevolge toepaslike beplanningswetgewing by die betrokke munisipaliteit ingedien;
- [(c) waar nodig, ’n afskrif van ’n beplanningsaansoek wat ingevolge toepaslike beplanningswetgewing aan die betrokke munisipaliteit voorgelê is;]** 15
- (d) ander inligting wat die Dranklisensiëringstribunaal nodig mag hê om te kan bepaal of die aansoeker aan die maatstawwe vir die toestaan van ’n lisensie voldoen of nie; en
- (e) die voorgeskrewe fooi, wat op die voorgeskrewe manier betaal 20 moet word,
 by die **[Raad] Owerheid** en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die voorgestelde gelisensieerde perseel geleë is in te dien.”;
- (b) deur die woorde wat paragraaf (a) in subartikel (3) voorafgaan, met die 25 volgende woorde te vervang:
 “Deur ’n aansoek **[vir] om** ’n lisensie in te dien, stem die aansoeker in dat **[die Dranklisensiëringstribunaal of]** enige lid van die **Raad** of gemagtigde werknemer van die **[Raad] Owerheid—**”; en
- (c) deur paragraaf (b) in subartikel (3) met die volgende paragraaf te vervang: 30
 “(b) enige dokument of inligting wat as deel van of saam met ’n aansoek **[voorgelê] ingedien** is, aan enige persoon in verband met sodanige verhoor, ondersoek of navraag openbaar mag maak; en”.

Wysiging van artikel 37 van Wet 4 van 2008

32. Artikel 37 van die Hoofwet word gewysig— 35
- (a) deur die woord “Raad” in subartikel (1) met die woord “Owerheid” te vervang; en
- (b) deur die woorde wat subparagraaf (i) in paragraaf (a) in subartikel (4) voorafgaan, met die volgende woorde te vervang: 40
 “waar artikel 36(1)(c) van toepassing is—”.

Vervanging van artikel 38 van Wet 4 van 2008

33. Artikel 38 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Aansoeke ter insae by **[Raad] Owerheid**

38. Die **[Raad] Owerheid** moet, binne die voorgeskrewe tydperk ná ’n aansoek bedoel in artikel 36 by hom ingedien is, die publiek in staat stel om 45 by die kantore van die **[Raad] Owerheid** toegang te kry tot, insae te hê in of, teen betaling van die voorgeskrewe fooi, ’n afskrif te verkry van die aansoek en enige dokumente wat in verband daarmee ingedien is, **tot op die datum waarop die aansoek deur die Dranklisensiëringstribunaal oorweeg word**].”.

50

Wysiging van artikel 39 van Wet 4 van 2008

34. Artikel 39 van die Hoofwet word gewysig deur die woord “Raad”, oral waar dit voorkom, met die woord “Owerheid” te vervang.

Wysiging van artikel 40 van Wet 4 van 2008

35. Artikel 40 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur die woord “Raad”, oral waar dit voorkom, met die woord “Owerheid” te vervang; en
 - (b) deur paragraaf (b) in subartikel (3) met die volgende paragraaf te vervang: 5
 “(b) enige ander dokument of artikel wat in verband met die aansoek vir ’n dranklisensie by hom of haar ingedien is.”.

Wysiging van artikel 42 van Wet 4 van 2008

36. Artikel 42 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur subartikel (6) met die volgende subartikel te vervang: 10
 “(6) Indien die aansoeker versuim om aan die voorwaardes in subartikel (2) bedoel te voldoen binne die tydperk in subartikel (3) bedoel of ingevolge [artikel] subartikel (5) verleng, verval die toestaan van die lisensie en word die lisensie geag nie toegestaan te gewees het nie.”; en 15
 - (b) deur subartikel (7) met die volgende subartikel te vervang:
 “(7) Wanneer die aansoeker voldoen aan die voorwaardes wat deur die Dranklisensieringstribunaal opgelê is, moet die [Raad] Owerheid die lisensie uitreik soos voorgeskryf, behoudens artikel 46.”.

Wysiging van artikel 46 van Wet 4 van 2008 20

37. Artikel 46 van die Hoofwet word gewysig deur die woord “Raad”, oral waar dit voorkom, met die woord “Owerheid” te vervang.

Wysiging van artikel 48 van Wet 4 van 2008

38. Artikel 48 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang: 25
 “(1) Die Voorsittende Beampte mag op aansoek deur ’n lisensiehouer in artikel 33(1)(b) of (d) bedoel en teen betaling van die voorgeskrewe fooi ’n tydelike dranklisensie vir die gebruik van net daardie lisensiehouer toestaan[: **Met dien verstande dat in die geval van artikel 33(d) die tydelike dranklisensie beperk is tot die verkoop en verbruik van drank op die perseel waarop die drank verkoop word**].”;
 - (b) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:
 “(1A) ’n Aansoek vir ’n tydelike lisensie moet gedoen word minstens veertien (14) dae vóór die eerste dag van die tydperk bedoel in subartikel (2).”; en 35
 - (c) deur paragraaf (a) in subartikel (4) met die volgende paragraaf te vervang:
 “(a) ’n opvoedkundige instelling, uitgesonderd ’n skool soos omskryf in artikel 1 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996).”. 40

Wysiging van artikel 49 van Wet 4 van 2008

39. Artikel 49 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (4) met die volgende subartikel te vervang:
 “(4) Die lisensiehouer van ’n perseel waarop die besigheid van ’n kleinhandelvoedselwinkel bedryf word, mag geen ander drank as [tafelwyn] natuurlike wyn verkoop nie.”. 45

Wysiging van artikel 51 van Wet 4 van 2008

40. Artikel 51 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:
 “(1) ’n Lisensiehouer, of enige ander persoon met ’n finansiële belang by ’n gelisensieerde besigheid, mag nie, sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Voorsittende Beampte, enige ander persoon toelaat

- om 'n finansiële belang van meer as 5% in die gelisensieerde besigheid te verkry nie.”;
- (b) deur subartikel (2) met die volgende subartikel te vervang: 5
 “(2) 'n Lisensiehouer of enige ander persoon met 'n finansiële belang in 'n gelisensieerde besigheid wat 'n finansiële belang van meer as 5% in die gelisensieerde besigheid aan enige ander persoon wil oordra, moet **[op die voorgeskrewe wyse]** by die Voorsittende Beampte aansoek doen vir **[toestemming]** vergunning om dit te doen deur op die voorgeskrewe manier en op die voorgeskrewe vorm 'n aansoek in te dien by die Owerheid en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is.”;
- (c) deur subartikel (4) te skrap;
- (d) deur subartikel (5) met die volgende subartikel te vervang: 15
 “(5) Die aangewese drankbeampte moet 'n verslag **[soos by subartikel (4) vereis,]** betreffende die kwalifikasie en geskiktheid van die persoon aan wie die finansiële belang beoog word om oorgedra te word, binne die voorgeskrewe tydperk by die Owerheid indien en mag enige ander aangeleentheid wat hy of sy as tersaaklik vir die aansoek beskou, daarby insluit.”;
- (e) deur subartikel (7) met die volgende subartikel te vervang: 20
 “(7) 'n Lisensiehouer mag nie die lisensie aan 'n ander persoon verhuur **[of]**, toelaat dat 'n ander persoon sake ingevolge die lisensie doen of 'n ander persoon toelaat om die gelisensieerde perseel te gebruik nie: Met dien verstande dat 'n lisensiehouer, ten opsigte van 'n lisensie wat die reg van mikrovervaardiging insluit, **[by die Dranklisensierings-tribunaal aansoek mag doen]** die Voorsittende Beampte en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is, in kennis moet stel van die lisensiehouer se voorneme om die betrokke gelisensieerde perseel of 'n deel daarvan vir die doel van mikrovervaardiging aan 'n ander persoon te verhuur of toe te laat dat die perseel deur sodanige ander persoon gebruik word **[deur 'n aansoek op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm en teen betaling van die voorgeskrewe bedrag by die Raad in te dien].**”;
- (f) deur die invoeging na subartikel (7) van die volgende subartikel: 30
 “(7A) Die aangewese drankbeampte moet binne die voorgeskrewe tydperk 'n verslag betreffende 'n aansoek in subartikel (7) bedoel by die Owerheid indien en mag enige ander aangeleentheid wat die aangewese drankbeampte as tersaaklik vir die aansoek beskou, daarby insluit.”. 35

Wysiging van artikel 53 van Wet 4 van 2008

41. Artikel 53 van die Hoofwet word gewysig— 40
- (a) deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang: 45
 “(1) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Voorsittende Beampte, wat verleen is op aansoek, [op] in die voorgeskrewe [wyse] vorm en by betaling van die voorgeskrewe fooi, [verleen is] aan die Owerheid en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is, mag 'n lisensiehouer nie—
- (a) enige strukturele verandering, aanbouing, verbouing of uitbreiding van of aan die gelisensieerde perseel uitvoer nie;
- (b) die aard van die besigheid ten opsigte waarvan die lisensie toegestaan is, verander van dié soos beskryf in die aansoek wat deur die Dranklisensieringstribunaal oorweeg is toe die lisensie toegestaan is nie; of 50
- (c) sy of haar besigheid kragtens die lisensie bedryf nie, op 'n perseel waarop enige ander besigheid, met inbegrip van 'n besigheid waarop enige ander lisensie betrekking het, bedryf word, of enige handel gedryf of beroep beoefen word, tensy die Voorsittende Beampte, te eniger tyd wanneer die aangeleentheid na sy of haar oordeel met reg geopper kan word, in 'n bepaalde geval anders bepaal.”. 55 60

- (b) deur subartikel (2) te skrap;
- (c) deur die volgende subartikel na subartikel 2 in te voeg:
 “(2A) Die aangewese drankbeampte moet, binne die voorgeskrewe tydperk, ’n verslag betreffende ’n aansoek in subartikel (1) bedoel by die Owerheid indien en mag enige ander aangeleentheid wat die aangewese drankbeampte as tersaaklik vir die aansoek beskou, daarby insluit.”; en 5
- (d) deur in the Engelse teks van die Hoofwet subartikel (3) met die volgende subartikel te vervang:
 “(3) [A] The consent in terms of subsection (1)(a) must not be issued until the applicant, within the prescribed period, [submits] lodges proof to the satisfaction of the Presiding Officer that he or she has the right to alter the premises concerned for the purpose as contemplated in the application.”. 10

Wysiging van artikel 54 van Wet 4 van 2008

42. Artikel 54 van die Hoofwet word gewysig deur die skraping van die voorbehoudsbepaling in subartikel (2). 15

Wysiging van artikel 59 van Wet 4 van 2008

43. Artikel 59 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:
 “(1) ’n Munisipaliteit mag deur verordening verskillende handelsdae en -ure bepaal vir gelisensieerde besighede wat drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel verkoop en vir dié wat drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel verkoop.”; 20
- (b) deur subartikel (2) te skrap;
- (c) deur paragrawe (a) en (b) van subartikel (3) met die volgende paragrawe te vervang: 25
- “(a) Indien ’n munisipaliteit nie die handelsdae en -ure bepaal het vir gelisensieerde besighede wat drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel verkoop nie, mag ’n lisensiehouer van sodanige besigheid drank op enige dag tussen 09:00 en 18:00 verkoop, behoudens voorwaardes wat die Dranklisensiërings-tribunaal gestel het by die verlening van ’n lisensie of na oorweging van enige aangeleentheid in artikel 20(1)(d) tot (g) bedoel. 30
- (b) Indien ’n munisipaliteit nie die handelsdae en -ure bepaal het vir gelisensieerde besighede wat drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel verkoop nie, mag ’n lisensiehouer van sodanige besigheid drank op enige dag tussen 11:00 en 02:00 die volgende dag verkoop, behoudens voorwaardes wat die Dranklisensiëringstribunaal gestel het by die verlening van ’n lisensie of na oorweging van enige aangeleentheid in artikel 20(1)(d) tot (g) bedoel.”; en 35 40
- (d) deur subartikel (8) met die volgende subartikel te vervang:
 “(8) Behoudens artikel 89(10), is ’n lisensiehouer wat drank op die gelisensieerde perseel verkoop of verskaf, of die verbruik van drank daarop toelaat, op ’n tyd wanneer die verkoop van drank nie [deur die lisensie] ingevolge subartikel (1) of (3) toegelaat word nie, skuldig aan ’n misdryf.”. 45

Wysiging van artikel 62 van Wet 4 van 2008

44. Artikel 62 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur paragraaf (a) in subartikel (2) met die volgende paragraaf te vervang: 50
 “(a) op die datum waarop die lisensiehouer dit [skriftelik] op die voorgeskrewe wyse abandonneer;”; en
- (b) deur, in die Engelse teks van die Hoofwet, die woorde voor paragraaf (a) in subartikel (3) met die volgende woorde te vervang:
 “A licence which has lapsed, and the rights, privileges, obligations and liabilities which were attached thereto immediately before the date 55

on which it lapsed, [become] becomes valid again on the date on which—”.

Wysiging van artikel 63 van Wet 4 van 2008

45. Artikel 63 van die Hoofwet word gewysig deur die woord “Raad”, oral waar dit voorkom, met die woord “Owerheid” te vervang. 5

Wysiging van artikel 64 van Wet 4 van 2008

46. Artikel 64 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur die woorde wat volg op paragraaf (e) in subartikel (1) met die volgende woorde te vervang:

“mag die lisensie nie ingevolge artikel 63 outomaties hernu word nie, maar mag dit deur die [Raad] Owerheid hernu word op aansoek deur die lisensiehouer op die voorgeskrewe wyse en teen betaling van die voorgeskrewe fooi.”; en

(b) deur die woorde voor paragraaf (a) in subartikel (2) met die volgende woorde te vervang: 15

“Die [Raad] Owerheid moet voor 31 Julie van die jaar waarin ’n hernuwingskennisgewing uitgereik moet word, ’n kennisgewing aan ’n lisensiehouer in subartikel (1) bedoel, beteken wat—”.

Vervanging van opskrif van Hoofstuk 9 van Wet 4 van 2008

47. Die volgende opskrif vervang die opskrif van Hoofstuk 9 van die Hoofwet: 20
 “[VERVREEMDING,] OORDRAG EN VERWYDERING VAN LISENSIES”.

Vervanging van opskrif van artikel 65 van Wet 4 van 2008

48. Die volgende opskrif vervang die opskrif van artikel 65 van die Hoofwet:

“[Vervreemding en oordrag] Oordrag van lisensies”. 25

Wysiging van artikel 65 van Wet 4 van 2008

49. Artikel 65 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikels (1) tot (6) met die volgende subartikels te vervang:

“(1) ’n Lisensiehouer mag te eniger tyd aansoek doen vir die oordrag van die lisensie na ’n ander persoon (in hierdie artikel die “voorgestelde lisensiehouer” genoem) deur ’n aansoek by die Owerheid en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is, op die voorgeskrewe wyse en op die voorgeskrewe vorm in te dien. 30

(2) ’n Lisensiehouer moet, waar die oordrag van die finansiële belang waarna in artikel 51(1) verwys word, daarop neerkom dat die lisensiehouer nie enige finansiële belang in die gelisensieerde besigheid behou nie, aansoek doen soos voorsien in subartikel (1) vir die oordrag van die lisensie. 35

(3) [’n Persoon wat ’n gelisensieerde besigheid gekoop het,] Die voorgestelde lisensiehouer soos voorsien in subartikel (1) mag by die Voorsittende Beampte aansoek doen vir toestemming om die gelisensieerde besigheid te bedryf hangende die oordrag van die lisensie aan [daardie persoon] die voorgestelde lisensiehouer. 40

(4) ’n Aansoek ingevolge subartikel (3) moet gedoen word deur dit in die voorgeskrewe wyse en op die voorgeskrewe vorm by die Voorsittende Beampte en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel geleë is, in te dien en deur die voorgeskrewe fooi te betaal. 45

(5) Die Voorsittende Beampte mag toestemming verleen wat die [koper van die besigheid] voorgestelde lisensiehouer magtig om die besigheid vir eie rekening te bedryf vir ’n gespesifiseerde tydperk, wat 50

nie langer mag wees nie as ses maande van die datum waarop die toestemming verleen is.

(6) Die Voorsittende Beampte mag te eniger tyd die toestemming ingevolge subartikel (5) verleen, intrek of op aansoek deur die **[koper]** voorgestelde lisensiehouer verleng.”;

- (b) deur subartikels (9) en (10) te skrap;
- (c) deur subartikel (11) met die volgende subartikel te vervang:
 “(11) Die aangewese drankbeampte moet binne die voorgeskrewe tydperk ’n verslag **[soos by subartikel (10) verlang,]** by die Owerheid indien betreffende die kwalifikasie en geskiktheid van die voorgestelde lisensiehouer om die lisensie te hou, en mag [kan] by daardie verslag enige ander aangeleentheid insluit wat hy of sy tersaaklik ag vir die aansoek.”;
- (d) deur die woord “Raad” in subartikel (15), oral waar dit voorkom, met die woord “Owerheid” te vervang; en
- (e) deur subartikel (17) met die volgende subartikel te vervang:
 “(17) Die **[Raad]** Owerheid moet binne die voorgeskrewe tydperk na die betaling van die voorgeskrewe fooi in subartikel **[(9)]** (4) bedoel en behoudens artikels 42, 43, 44, 45 en 53(1) en (2) ’n sertifikaat van oordrag, wat die voorwaardes van die lisensie soos deur die Dranklisensieringstribunaal opgelê, uiteensit, in die voorgeskrewe vorm aan die voorgestelde lisensiehouer uitreik.”.

Wysiging van artikel 66 van Wet 4 van 2008

50. Artikel 66 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur subartikel (2) met die volgende subartikel te vervang:
 “(2) ’n Lisensiehouer, behalwe die houer van ’n tydelike dranklisensie en ’n dranklisensie vir ’n spesiale geleentheid, mag te eniger tyd aansoek doen vir die verwydering van die lisensie, hetsy permanent of tydelik, van die betrokke gelisensieerde perseel na enige ander perseel wat in die Provinsie geleë is deur by die Owerheid en die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel tans geleë is, en waar die toestaan van die aansoek tot gevolg sal hê dat die lisensie na die regsgebied van ’n ander aangewese drankbeampte verwyder sal word, ook by daardie aangewese drankbeampte, ’n aansoek op die voorgeskrewe wyse en die voorgeskrewe vorm en teen betaling van die voorgeskrewe fooi in te dien.”;
- (b) deur subartikel (3) met die volgende subartikel te vervang:
 “(3) Die aangewese drankbeampte in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel tans geleë is, moet binne die voorgeskrewe tydperk ’n verslag soos voorgeskryf by die Owerheid indien, en waar die toestaan van die aansoek tot gevolg sal hê dat die lisensie na die regsgebied van ’n ander aangewese drankbeampte verwyder sal word, moet daardie aangewese drankbeampte ook ’n verslag soos voorgeskryf by die Owerheid indien.”;
- (c) deur die woord “Raad” in subartikels (5), (6), (13) en (16), oral waar dit voorkom, met die woord “Owerheid” te vervang.

Wysiging van artikel 68 van Wet 4 van 2008

51. Artikel 68 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:
 “(2A) ’n Aansoeker of belanghebbende wat deur ’n besluit van die Dranklisensieringstribunaal benadeel is, kan by die Dranklisensieringstribunaal aansoek doen om redes te verstrek vir daardie besluit.”;
- (b) deur subartikels (5), (6) en (7) te skrap; en
- (c) deur die volgende subartikel by te voeg:
 “(11) Die Appèltribunaal moet, binne vyf maande na die einde van ’n boekjaar, ’n verslag oor sy aktiwiteite gedurende daardie boekjaar aan die Minister voorlê vir tertafellegging in die Provinsiale Parlement.”.

Wysiging van artikel 69 van Wet 4 van 2008

52. Artikel 69 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (8) met die volgende subartikel te vervang:

“(8) ’n Inspekteur of aangewese drankbeampte, na gelang van die geval, wat ’n verklaring ingevolge subartikel (7) ontvang, moet die voldoeningskennisgewing, die verklaring ingevolge subartikel (7) en enige ander dokument wat hy of sy tersaaklik ag, binne die voorgeskrewe tydperk [aan] by die Hoof-Uitvoerende Beampte [voorlê] indien, wat moet besluit of die handeling of versuim in subartikel (2)(b) bedoel, die uitreiking van die voldoeningskennisgewing regverdig.”; en

(b) deur subartikel (10) met die volgende subartikel te vervang:

“(10) Die Hoof-Uitvoerende Beampte mag die funksie in subartikel (9) bedoel, aan ’n werknemer van die [Raad] Owerheid delegeer.”.

Wysiging van artikel 71 van Wet 4 van 2008

53. Artikel 71 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (b) in subartikel (2) met die volgende paragraaf te vervang:

“(b) bewys [gelewer] ingedien word dat die aansoek en stawende beëdigde verklaring minstens agt-en-veertig (48) uur voor die indiening van die aansoek aan die lisensiehouer beteken is; en”.

Wysiging van artikel 73 van Wet 4 van 2008

54. Artikel 73 van die Hoofwet word gewysig:

(a) deur in subartikel (4) die woord “Raad”, oral waar dit voorkom, met die woord “Owerheid” te vervang;

(b) deur in die Engelse teks subartikel (5) met die volgende subartikel te vervang:

“(5) The Commissioner must, when designating a liquor officer in terms of subsection (1), and the [Board] Authority must, when appointing an inspector in terms of subsection (4), issue a certificate of [appointment or designation] designation or appointment signed by the Commissioner or the Chief Executive Officer on behalf of the [Board] Authority, as the case may be.”; en

(c) deur in die Engelse teks subartikel (6) met die volgende subartikel te vervang:

“(6) A designated liquor officer or inspector must, when [exercising] performing his or her functions in terms of this Act, upon demand of any person affected by the performance of that function, provide proof of appointment as designated liquor officer or inspector.”.

Wysiging van artikel 76 van Wet 4 van 2008

55. Artikel 76 van die Hoofwet word gewysig deur subparagraaf (ii) van paragraaf (a) met die volgende subparagraaf te vervang:

“(ii) dronk en wanordelik is in enige plek waartoe die publiek toegang het;”.

Wysiging van artikel 77 van Wet 4 van 2008

56. Artikel 77 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur die woorde voor paragraaf (a) en paragraaf (a) met die volgende woorde en paragraaf te vervang:

“’n Persoon wat met betrekking tot ’n aansoek, beswaar of vertoë ingevolge hierdie Wet—

(a) inligting [voorlê] indien of verstrek wat hy of sy weet vals of misleidend is of waarvan hy of sy nie weet dat dit waar is nie of ’n vervalste dokument of een wat voorgee ’n ware afskrif van die oorspronklike te wees, maar nie is nie, [voorlê] indien;”;

(b) deur paragraaf (c) met die volgende paragraaf te vervang:

“(c) in antwoord op ’n vraag deur ’n aangewese drankbeampte, ’n inspekteur, ’n vredesbeampte, ’n munisipale beampte of die Dranklisensieringstribunaal inligting [voorlê] indien of verskaf wat

hy of sy weet vals of misleidend is of wat hy of sy nie weet dat dit waar is nie of 'n vervalste dokument of een wat voorgee om 'n [juiste] ware afskrif van die oorspronklike te wees, maar nie is nie, [voorlê] indien.”.

Wysiging van artikel 84 van Wet 4 van 2008

5

57. Die volgende artikel vervang artikel 84 van die Hoofwet:

“Toepassing van Wet en vrystellings

- 84.** (1) Hierdie Wet is nie van toepassing nie op—
- (a) 'n beampte soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Doeanes en Aksyns, 1964 (Wet 91 van 1964), in die uitvoering van sy of haar pligte as sodanig; 10
 - (b) 'n balju of adjunk-balju of enige ander beampte wat optree ingevolge 'n bevel van 'n hof in die uitvoering van sy of haar pligte as sodanig;
 - (c) die kaptein van 'n skip met betrekking tot die verkoop van drank aan 'n passasier aan boord van 'n skip terwyl dit in 'n hawe is, of in die gebiedswaters, van die Republiek tydens 'n reis van nie minder nie as 100 kilometer; 15
 - (d) die bestuurder van 'n verversingsgerief onderhou vir die gebruik deur lede van 'n liggaam gestig deur of onder enige wet en wat wetgewende magte het, met betrekking tot die verkoop van drank in só 'n verversingsgerief aan lede van die betrokke liggaam en hulle *bona fide* gaste, vir verbruik in daardie verversingsgerief; 20
 - (e) 'n persoon wat drank verkoop met die magtiging van die Minister van Verdediging —
 - (i) aan lede van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en hulle *bona fide* gaste op die perseel van 'n klub of eetkamer voor voorsiening gemaak in die Wet op Verdediging, 2002 (Wet 42 van 2002), vir verbruik op daardie persele; en 25
 - (ii) in verband met 'n basis, kamp, stasie of skip vir enige deel van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag; 30
 - (f) 'n persoon wat drank verkoop onder die gesag van die betrokke Minister op 'n perseel onder beheer van die Suid-Afrikaanse Polisie, die Departement van Korrektiewe Dienste of die Nasionale Intelligensiediens, aan lede van die betrokke instansie en hulle *bona fide* gaste; 35
 - (g) die maatskappy soos omskryf in artikel 1 van die Lughawemaatskappywet, 1993 (Wet 44 van 1993), of 'n persoon wat optree namens die voorgenoemde maatskappy, met betrekking tot die verkoop van drank op die perseel van 'n maatskappylughawe soos omskryf in artikel 1 van die genoemde Wet, maar onderhewig aan enige regulasie ingevolge artikel 15 (1)(b) van daardie Wet; 40
 - (h) 'n mikrovervaardiger wat betrokke is by wingerdbou, met betrekking tot die verkoop van wyn of brandewyn wat—
 - (i) vervaardig word van druiwe wat verbou is op grond in die besit of wetlik bewoon deur hom of haar of van druiwe gekoop of andersins aangeskaf deur hom of haar; en 45
 - (ii) vervaardig word in 'n kelder op daardie grond of in 'n sentrale kelder in die besit van of wetlik beset deur hom of haar, as daardie wyn of brandewyn—
 - (aa) verkoop word in 'n hoeveelheid van nie minder nie as 18 liters in 'n dig verseëlde houër of houers aan 'n vervaardiger van asyn, 'n lisensiehouer of 'n persoon vrygestel ingevolge hierdie Wet; en 50
 - (bb) behalwe in die geval van 'n verkoop aan of 'n bestelling deur 'n lisensiehouer wat gelisensieer is om drank te verkoop vir verbruik buite die gelisensieerde perseel, verkoop of bestel is voordat dit verwyder word van die betrokke kelder; 55
 - (i) die sameroeper van 'n *bona fide* wynproe-geleentheid, met betrekking tot die verkoop van wyn in hoeveelhede van minder as 200 milliliters

- by daardie geleentheid wat nie langer as twee ure duur nie, vir verbruik tydens die geleentheid, aan persone van of bo die ouderdom van 18 jaar;
- (j) 'n persoon na verwys in 'n kennisgewing onder artikel 10 van die Wet op Drankprodukte, 1989, met betrekking tot die verkoop van enige sakramentele drank volgens sodanige kennisgewing; 5
- (k) 'n persoon, met betrekking tot die verkoop van enige alkoholiese of gedistilleerde parfumerie of medisinale spiritus, waar die parfumerie of spiritus nie brandspiritus is nie;
- (l) die vervaardiger van lekkers wat nie meer as 2% by gewig alkohol bevat nie en vervaardig is in die Republiek, met betrekking tot die verkoop van daardie lekkers aan 'n lisensiehouer of 'n persoon vrygestel ingevolge dié Wet; en 10
- (m) die kategorieë persone wat voorgeskryf word.
- (2) Die Dranklisensieringstribunaal mag op aansoek op die voorgeskrewe wyse **[en teen betaling van die voorgeskrewe bedrag]** en indien omstandighede dit regverdig, verklaar dat die verkoop van drank deur 'n persoon genoem in die verklaring, vrygestel is van die werksaamheid van die Wet, behalwe die bepalinge wat hy bepaal **[nie van toepassing is nie op]**— 15
- (a) op persele beset, beheer of onderhou deur 'n Staatsdepartement;
- (b) op persele beset, beheer of onderhou deur die Krygskorporasie van Suid-Afrika Beperk, of die Atoomenergiekorporasie van Suid-Afrika Beperk, aan werknemers van die betrokke instelling en hulle *bona fide* gaste, vir verbruik op daardie persele; 20
- (c) namens 'n statutêre instelling op persele in of by 'n openbare oord, nasionale park of wild- of natuurreservaat;
- (d) namens die hoof van 'n opvoedkundige instelling, uitsluitend 'n skool soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, in 'n restaurant gebruik vir die opleiding van personeel in spyseniersdienste op persele beset, beheer of onderhou deur die betrokke instelling, vir verbruik in daardie restaurant; 25
- (e) as daardie persoon 'n versamelaar is van wyn en daardie drank bestaan uit sy of haar versameling of enige deel daarvan; of
- (f) as daardie persoon 'n gelisensieerde afslaer is wat optree namens 'n *bona fide* kulturele of liefdadigheidsorganisasie, 'n opvoedkundige instelling, uitsluitend 'n skool soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, of 'n versekeraar. 30
- (3) 'n Verklaring uitgereik onder subartikel (2) is onderworpe aan sodanige voorwaardes daarin uiteengesit soos die Dranklisensieringstribunaal in sy diskresie mag oplê. 40
- [(3)](4) Die [Dranklisensieringstribunaal of die] Voorsittende Beamppte mag te eniger tyd na die uitreiking van 'n verklaring kragtens subartikel (2) na 'n aansoek deur die persoon genoem in die verklaring of enige ander betrokke party by 'n kennisgewing, afgelewer of aangebied aan die persoon wat in die betrokke verklaring gemeld word—** 45
- (a) na sy of haar goeddunke die voorwaardes of verdere voorwaardes oplê wat in die kennisgewing uiteengesit word en waaraan die verklaring onderworpe is;
- (b) enige voorwaarde deur hom of haar kragtens hierdie **[artikel]** subartikel opgelê, intrek of wysig; of 50
- (c) die verklaring intrek of wysig.”. 60

Wysiging van artikel 87 van Wet 4 van 2008

58. Artikel 87 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang: 55
- “(1) Enige persoon wat aangekla word van 'n misdryf bedoel in—
- (a) artikels 32(3), 54(6), 55(3), 76(g) of 76(h) is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 000,00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, of met sowel sodanige boete **[as]** en sodanige gevangenisstraf; 60

- (b) artikels 49(7), 50(2), 51(9), 53(4), 58(3), 59(8), 76(e), 76(f), 76(i) of 81(4) is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 000,00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee en 'n half jaar, of met sowel sodanige boete [as] en sodanige gevangenisstraf; 5
- (c) artikels 50(3), 57(3), 60(4), [65(2),] 69(11), 76(b)[, 76(c)] of 82(1) is met skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 000,00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met sowel sodanige boete [as] en sodanige gevangenisstraf; of 10
- (d) artikels 23(13), 56(5), 76(a), 76(d), 77, 78(1), 78(3), 79, 80(1) of 86(2) is met skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000,00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande, of met sowel sodanige boete [as] en sodanige gevangenisstraf.”; en 15
- (b) deur subartikel (3) met die volgende subartikel te vervang:
 “(3) Artikel 32 van die Strafproseswet, 1977, is van toepassing waar 'n persoon 'n skulderkenningsboete ingevolge artikel 57 van daardie Wet betaal in verband met die oortreding van 'n bepaling van hierdie Wet.”.

Wysiging van artikel 89 van Wet 4 van 2008 20

59. Artikel 89 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:
 “(1) (a) Ondanks die herroeping van die Drankwet, 1989, deur hierdie Wet, gaan die vorige Raad voort om te funksioneer tot op 'n datum wat die Minister by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* bepaal, welke datum hoogstens twee weke mag wees nadat alle lede van die Raad ingevolge artikel 3 aangestel is. 25
 (b) Vir doeleindes van paragraaf (a), moet die vorige Raad funksioneer ooreenkomstig die bepalings van—
 (i) hierdie Wet asof hy die Owerheid, die Raad of die Dranklisensieringstribunaal is, na gelang van die geval; en 30
 (ii) vir doeleindes van subartikel (7), die wette in daardie subartikel bedoel.”;
- (b) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:
 “(1A) So gou moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet moet die Minister in ooreenstemming met die Minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie —
 (a) die bates, regte, verpligtinge en laste van die vorige Raad na die Owerheid oordra; en
 (b) behoudens artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995), en die Staatsdienswet, 1994, werknemers van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap wat ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie Wet by die vorige Raad in diens was, na die Owerheid oorplaas.”; 40
- (c) deur subartikel (4) met die volgende subartikel te vervang:
 “(4) 'n Lisensie van die soort hieronder gelys wat van krag was onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet en wat toestemming verleen vir die vervaardiging van drank en ten opsigte waarvan die volume drank wat in die voorafgaande twaalf (12) maande vervaardig is nie die drempelbeperking voorgeskryf ingevolge artikel 4(10) van die Drankwet oorskry nie, word geag 'n lisensie vir die mikrovervaardiging en verkoop van drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel te wees—
 (a) groothandeldranklisensie;
 (b) produsentlisensie; 55
 (c) brouerlisensie;
 (d) sorghumbierbrouerlisensie; en
 (e) spesiale dranklisensie vir buitewerbruik [, wat die reg om drank te mikrovervaardig insluit].”;
- (d) deur die vervanging in subartikel (5) van die woorde voor paragraaf (a) met die volgende woorde:

- “ ’n Lisensie van die soort hieronder gelys, wat aan die houer daarvan die reg verleen om drank te verkoop vir verbruik buite die gelisensieerde perseel [**wat ingevolge die Drankwet omgeskakel is**] en wat van krag gebly het na die inwerkingtreding van die Drankwet weens items 2(1) en 5 van Bylae 1 van daardie Wet en wat van krag was onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, mag op aansoek deur die lisensiehouer omgeskakel word in ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel—”;
- (e) deur subartikel (10) met die volgende subartikel te vervang: 5
- “(10) ’n Lisensie uitgereik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet vir ’n perseel waarop drank verkoop mag word vir verbruik op of buite die gelisensieerde perseel wat magtiging verleen dat sake buite die handelsure in artikel 59[(3) **vermeld**] na verwys, gedoen word, is na twaalf (12) maande na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet onderhewig aan artikel 59.”; en 10
- (f) deur subartikel (13) met die volgende subartikel te vervang: 15
- “(13) ’n Lisensiehouer van ’n perseel wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gelisensieer is, bedoel in artikel 49[(5)], moet binne twaalf (12) maande na die datum van die inwerkingtreding van hierdie Wet voldoen aan die voorwaardes in daardie **[subartikels] artikel** bedoel.”. 20

Wysiging van artikel 91 van Wet 4 van 2008

- 60.** Artikel 91 van die Hoofwet word gewysig deur die byvoeging van die volgende subartikel, en die bestaande artikel word subartikel (1):
- “(2) Indien die Premier ander datums vir die inwerkingtreding van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal, moet ’n verwysing in ’n bepaling van hierdie Wet na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet beskou word as ’n verwysing na die datum deur die Premier bepaal vir die inwerkingtreding van daardie bepaling.”.

Kort titel en inwerkingtreding 30

- 61.** Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Drankwysigingswet, 2010, en tree in werking op ’n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

MEMORANDUM VAN DOELWITTE VAN DIE WES-KAAPSE DRANKWYSIGINGSWETSONTWERP

1. INLEIDING

Die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008) (“die Wet”), is op 25 November 2008 deur die Premier onderteken. Die provinsiale Minister verantwoordelik vir ekonomiese sake in die Provinsie het toe die nasionale Minister van Handel en Nywerheid daarvan in kennis gestel ingevolge die bepalings van die Drankwet, 2003 (Wet 59 van 2003), sodat laasgenoemde kon oorweeg of die Wet wesentlik voldoen aan die maatstawwe soos uiteengesit in item 2(2) van Bylaag 1 (Oorgangsbepalings) tot die Drankwet, 2003. Die Minister het die provinsiale Minister dienooreenkomstig in kennis gestel dat hy van mening was dat artikel 48(4)(a) van die Wet — wat bepaal dat die Voorsittende Beampte van die Dranklisensieringstribunaal op aansoek deur ’n opvoedkundige inrigting ’n spesiale geleentheidsdranklisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op die perseel mag toestaan — teenstrydig is met Regulasie 4(4) van die Regulasies uitgevaardig ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996). Die gemelde Regulasie verbied die besit of gebruik van, onder andere, drank deur ’n opvoeder, leerder of ouer, of enige ander persoon, op die skoolperseel tydens ’n skoolaktiwiteit van daardie skool. Die gemelde verbod geld slegs openbare skole. Die provinsiale Minister het derhalwe opdrag gegee dat die Wet gewysig word ten einde die gemelde teenstrydigheid te verwyder.

Terwyl die voormelde wysiging aangebring is, is insette ontvang van ander belanghebbendes by drankregulering in die Provinsie, in besonder die Suid-Afrikaanse Polisie diens en die Stad Kaapstad, as gevolg waarvan bepalings om die indiening van sekere aansoeke en verslae anders te reguleer, asook om die magte van munisipaliteite om die verkoopsdae en -ure vir besighede wat drank verkoop, te bepaal, by hierdie Wetsontwerp ingesluit is.

Daarbenewens sluit die Wetsontwerp in ’n aantal bepalings wat betrekking het op, onder andere, sekere benamings en die struktuur van die provinsiale drankowerheid; delegasies; besoldiging en diensvoorwaardes van sekere beamptes; strafbepalings en verdere regulering van oorgangsbepalings in die Wet.

Die Wetsontwerp bevat ook omskrywings vir “natuurlike wyn” en “gefortifiseerde wyn”, wat ingesluit is ten einde duidelikheid te verskaf rakende die kwessie van watter tipes wyn verkoop mag word deur die lisensiehouers van persele waarop die besigheid van ’n kleinhandelvoedselwinkel bedryf word (houers van kruidenierswynlisensies ingevolge die huidige (1989) Wet).

Laastens het die Wysigingswetsontwerp ten doel om sekere teks wysigings te bewerkstellig en om ’n aantal verkeerde verwysings in die Wet te korrigeer.

2. OOGMERKE EN DOELWITTE VAN KLOUSULES

Die oogmerke en doelwitte van die onderskeie klousules word hieronder uiteengesit.

Klousule 1

Hierdie klousule maak voorsiening vir die wysiging van die indeks tot die Wet, hoofsaaklik om die verwysing na die “Wes-Kaapse Drankraad” te verander na “Wes-Kaapse Drankowerheid”. Dit is in ooreenstemming met die benadering waarvolgens die “Raad” tot “Owerheid” herbenoem word en “die Raad” voortaan gebruik word om na die beherende liggaam van die Owerheid te verwys.

Klousule 2

Hierdie klousule maak voorsiening vir die invoeging van omskrywings vir “gefortifiseerde wyn”, “natuurlike wyn”, “Owerheid”, “vorige Raad” en “wyn”, en die vervanging van die omskrywings vir “Raad”, “Voorsitter”, “Hoof Uitvoerende-Beampte”, “gelisensieerde besigheid” en “Dranklisensieringstribunaal” in ooreenstemming met die verandering in benamings.

Klousule 3

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van die opskrif tot Hoofstuk 2 van die Wet ten einde die naamsverandering van die provinsiale drankowerheid te weerspieël.

Klousule 4

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 2 van die Wet, ten einde die verandering van die naam en struktuur van die provinsiale drankowerheid te weerspieël.

Klousule 5

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 4 van die Wet ten einde die skapping van die verwysing na “werknemer” of “werknemers”, soos die geval mag wees, te bewerkstellig, aangesien hierdie klousule nie meer werknemers behandel nie, maar slegs lede van die Raad.

Klousule 6

Hierdie klousule maak voorsiening vir die wysiging van klousule 5 van die Wet by wyse van die skapping van die verwysing in die opskrif na die woord “werknemer” waar dit ook al in hierdie artikel voorkom.

Klousule 7

Hierdie klousule maak voorsiening vir die invoeging van ’n nuwe artikel, artikel 6A, in die Wet. Die aanbring van die wysiging sal die bevoegdhede en pligte van die Raad in verhouding tot die Dranklisensieringstribunaal verder uitklaar.

Klousule 8

Hierdie klousule maak voorsiening vir ’n geringe nommer-korreksie in artikel 7 van die Wet.

Klousule 9

Hierdie klousule maak daarvoor voorsiening dat die ampstermyn van ’n Raadslid wat aangestel is om ’n vakature wat deur voortydige beëindiging van lidmaatskap ontstaan het, te vul, beperk word tot die onverstreke tydperk van sy of haar voorganger se ampstermyn. Die aanbring van hierdie wysiging sal beter koördinasie verseker ten opsigte van die ampstermyne van Raadslede wat op verskillende tye aangestel is.

Klousule 10

Hierdie klousule maak voorsiening vir die wysiging van artikel 9 van die Wet by wyse van die vervanging van die woord “Raad”, waar ook al gepas in die gemelde artikel, met die woord “Owerheid”, in ooreenstemming met die verandering in struktuur en benaming, soos vroeër na verwys is. Verder word die uitdrukking “personeel” vervang met “werknemers, insluitend werknemers van die Appèltribunaal” ten einde te verseker dat werknemers van die gemelde tribunaal deur die bepalings van hierdie klousule gedek word.

Klousule 11

Hierdie klousule maak voorsiening vir die wysiging van artikel 10 van die Wet by wyse van die vervanging van die woord “Raad” met “Owerheid”, in besonder in subartikels (1) en (7), in ooreenstemming met die verandering in struktuur en benaming, soos vroeër na verwys is.

Klousule 12

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 11(3) van die Wet ten einde die bepalings en diensvoorwaardes van gekoöpteerde persone beter te reguleer.

Klousule 13

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 12(1) van die Wet, hoofsaaklik om verwysings na die Owerheid in lyn te bring met die verandering in benaming en struktuur soos na verwys hierbo.

Klousule 14

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 14(2) van die Wet, ten einde die verwysing na die behoud van die notules van die Raad se vergaderings te verwyder, aangesien dit in artikel 26(8) behandel word.

Klousule 15

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van die opskrif tot Hoofstuk 3 van die Wet. Die woord “Wes-Kaapse” word uit die nuwe opskrif weggelaat, sodat die opskrif ooreenstem met die gebruik van opskrifte elders in die Wet.

Klousule 16

Hierdie klousule maak voorsiening vir die herroeping van artikel 15 van die Wet, aangesien die daarstelling van die Lisensiëringstribunaal nou in artikel 2 van die Wet behandel word.

Klousule 17

Hierdie klousule maak voorsiening vir die invoeging, in die Engelse teks, van die woord “anyone” in artikel 17(h) van die Wet, ten einde die bewoording van die paragraaf in lyn te bring met die voorafgaande paragrawe.

Klousule 18

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 18(4) sodat die ampstermyn van ’n lid van die Lisensiëringstribunaal wat aangestel is om ’n vakature te vul, beperk word tot die onverstreke tydperk van sy of haar voorganger se ampstermyn. Die aanbring van hierdie wysiging sal beter koördinasie verseker ten opsigte van die ampstermyne van lede van die Dranklisensiëringstribunaal wat op verskillende tye aangestel is.

Klousule 19

Hierdie klousule maak voorsiening vir die wysiging van artikel 19(e) deur die woord “en” met die woord “of” te vervang aan die einde van die paragraaf.

Klousule 20

Hierdie klousule maak voorsiening vir ’n aantal wysigings aan artikel 20 van die Wet ten einde die terminologie wat in die Wet gebruik word in lyn te bring (“indien” eerder as “voorlê”); die diensbepalings en -voorwaardes van persone wat op die Dranklisensiëringstribunaal gekoöpteer is, beter te reguleer en om die rol van die Raad in verhouding tot die gemelde tribunaal uit te klaar.

Klousule 21

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 25(1) ten einde dit duidelik te stel dat die Appèltribunaal op ’n deelydse grondslag aangestel word.

Klousule 22

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van verskeie subartikels van artikel 26 ten einde te verseker dat verwysings na die “Owerheid” en “Raad” korrek is in ooreenstemming met die verandering van naam en struktuur soos na verwys hierbo. Verder word die uitdrukkings “personeel” en “personeellede” vervang met “werknemers” in die belang van konsekwentheid.

Klousule 23

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 27 van die Wet ten einde die verwysing daarin na die Hoof-Uitvoerende Beampte te verwyder, aangesien sy of haar besoldiging in artikel 26(3) behandel word.

Klousule 24

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging, in artikel 28 van die Wet, van die woord “Raad” met die woord “Owerheid” waar dit ook al in die artikel voorkom.

Klousule 25

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging, in artikel 29 van die Wet, van die woord “Raad” met die woord “Owerheid” waar dit ook al in die artikel voorkom.

Klousule 26

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging, in artikel 30 van die Wet, van die woord “Raad” met die woord “Owerheid”, en vir korrigering van sekere verwysings na ander artikels van die Wet.

Klousule 27

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van verskeie subartikels in artikel 31 van die Wet ten einde die verwysing na “Hoof-Uitvoerende Beampte” te verwyder en dit met “Owerheid” te vervang. Die aanbring van hierdie verandering sal die verantwoordelikheid van die Owerheid ten opsigte van die aangeleenthede waarmee in artikel 31 gehandel word, verder uitklaar.

Klousule 28

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 32(3) van die Wet, ten einde ’n sekere klas van mense, soos vermeld in artikel 84(1), van die toepassing van daardie subartikel uit te sluit.

Klousule 29

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van die woord “Raad” met die woord “Owerheid”, in artikel 36 van die Wet, waar van toepassing, en vir die woorde “inlewer” of “inlewering” om met die woorde “indien” of “indiëning” vervang te word, na gelang van die geval.

Klousules 30 tot 35

Hierdie klousules maak voorsiening vir die vervanging, in artikels 37 tot 40, 42 en 46 van die Wet, van die woord “Raad”, waar dit ook al mag voorkom, met die woord “Owerheid”, en vir die voortspruitende veranderinge, soos van toepassing. Voorts word artikel 42(6) vervang ten einde ’n foutiewe verwysing na “artikel (5)” in stede van “subartikel (5)” reg te stel.

Klousule 36

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 48(4)(a) ten einde die verwysing na ’n skool in daardie artikel te verwyder. Deur hierdie verandering aan te

bring, word daar verhoed dat 'n dranklisensie aan 'n skool uitgereik word, en spreek dit die Minister van Handel en Nywerheid se besorgdheid in hierdie verband aan.

Klousule 37

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 49(4) ten einde te bepaal dat die lisensiehouers van persele waarop die besigheid van 'n kleinhandelvoedselwinkel bedryf word, slegs natuurlike wyn mag verkoop. (Hulle mag tans slegs tafelwyn verkoop.) Hierdie wysiging sal die kwessie oor watter tipes wyn deur hierdie lisensiehouers verkoop mag word, finaal bylê.

Klousule 38

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging, weglating en invoeging van subartikels van of tot artikel 51 ten einde voorsiening te maak vir die toepassings wat in daardie artikel beoog word sover dit indiening by beide die Owerheid en die tersaaklike aangewese drankbeampte betref. Voorts bied dit duidelikheid oor die inhoud van die verslag wat die aangewese drankbeampte moet inhandig sover dit sodanige aansoeke betref. Die aanbring van hierdie wysiging sal verseker dat die betrokke aansoeke meer doeltreffend geadminestreer word, aangesien dit nie meer nodig sal wees vir die Owerheid om eers die aansoek na die aangewese drankbeampte te verwys sodat hy of sy die vereiste verslag kan saamstel en indien nie. Intendeel, sodanige beampte sal van meet af aan oor 'n afskrif van die verslag beskik.

Klousule 39

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging of invoeging van woorde of subartikels, na gelang van die geval, in artikel 53 om dieselfde redes as wat onder klousule 34 hierbo aangedui word.

Klousule 40

Hierdie klousule maak voorsiening vir die weglating van die voorwaarde tot artikel 54(2) van die Wet, welke voorwaarde oorbodig is.

Klousule 41

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging of weglating van sekere subartikels van artikel 59 van die Wet, na gelang van geval. Hierdie wysigings hou verband met die bepaling van die dae en ure waartydens handel gedryf mag word en het ten doel om die magte van die Dranklisensieëringstribunaal en munisipaliteite in hierdie verband uit te klaar.

Klousule 42

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 62(1)(a) en 62(3) ten einde beter aan te dui hoe 'n lisensie geabandonneer mag word en om 'n foutiewe kongruensie in die Engelse teks reg te stel. ("Becomes" word met "become" vervang.)

Klousules 43 en 44

Hierdie klousules maak voorsiening vir die vervanging, in artikels 63 en 64 onderskeidelik, van die woord "Raad" met die woord "Owerheid" waar van toepassing.

Klousule 45

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van Hoofstuk 9 se opskrif in die Wet. Die woord "VERVREEMDING" kom nie in die nuwe opskrif voor nie ten einde die feit te weerspieël dat die term "vervreemding" nie meer in hierdie hoofstuk gebruik word nie.

Klousule 46

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 65 se opskrif in die Wet. Die woorde “Vervreemding van” is weggelaat in die nuwe opskrif om aan te toon dat die term “vervreemding” nie meer in hierdie artikel gebruik word nie.

Klousule 47

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikels 65(1) tot (6) ten einde ’n verandering in benamingstelsel aan te toon (“Owerheid” teenoor “Raad”). Voorts is omvattende wysigings aan die inhoud van die gemelde subartikels aangebring om dit duidelik te maak dat die term “vervreemding” nie meer gebruik word nie; om die prosedures uiteen te sit wat gevolg moet word om vir ’n lisensie aansoek te doen; om ’n verwysing na artikel 51(1) in te sluit in soverre die oordrag van ’n finansiële belang daartoe aanleiding sal gee dat die gelisensieerde drankhandelaar geen verdere finansiële belang by die lisensie sal hê nie; en om die term “voorgestelde gelisensieerde” met die term “koper” te vervang. Hierdie wysiging aan die toepassingsprosedure hou verband met die feit dat voorsiening gemaak word vir ’n tweeledige indiening van die betrokke aansoek by beide die Owerheid en die aangewese drankbeampte ter sprake.

Klousule 48

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging, in artikel 66, van subartikels (2) en (3) ten einde voorsiening te maak vir die tweeledige indiening van die tersaaklike aansoek, en die vervanging van die woord “Raad” met “Owerheid”.

Klousule 49

Hierdie klousule maak voorsiening vir die weglating van subartikels (5) tot (7) van artikel 68, welke artikels bepaal dat ’n persoon wat deur ’n besluit van die Dranklisensieëringstribunaal verontref is, ’n waarborg moet betaal ten einde ’n appèl vir die hersiening van sodanige besluit aanhangig te maak. Voorts maak dit voorsiening vir die toevoeging van subartikel (11) waarvolgens daar van die Appèltribunaal verwag word om ’n verslag aan die Minister voor te lê aangaande aktiwiteite wat in die voorafgaande finansiële jaar onderneem is.

Klousule 50

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging, in subartikel 69 van die Wet, van subartikels (8) en (10) in soverre dit die gebruik van die terme “inhandig” en “indien” betref, en ten opsigte van die verwysing na die term “Owerheid” teenoor die term “Raad”, onderskeidelik.

Klousule 51

Hierdie klousule maak voorsiening vir die wysiging van artikel 71 van die Wet ten einde die term “inhandig” met “indien” te vervang.

Klousule 51

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging, in artikel 73 van die Wet, van subartikels (4) en (5) ten opsigte van die woorde “Raad” en “Owerheid”.

Klousule 53

Hierdie klousule maak voorsiening vir die weglating, in artikel 76 van die Wet, van paragraaf (c). Hierdie paragraaf word weggelaat aangesien dit na ’n nasionale bevoegdheid verwys, waarmee in die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet 60 van 1989) gehandel word.

Klousule 54

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging, in artikel 77 van die Wet, van die term “inhandig” met “indien”.

Klousule 55

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging van artikel 84 van die Wet met ’n nuwe subartikel getitel “Toepassing van Wet en Vrystellings”. Waar die oorspronklike artikel 84 slegs vir vrystellings voorsiening gemaak het, maak die nuwe artikel, wat op artikel 3 en 4 van die Drankwet, 1989 (Wet 27 van 1989) gegrond is, voorsiening vir die nie-toepassing van die Wet in sekere gevalle, waarmee in artikel 84(1) gehandel word, en vir vrystellings van die Wet, by aansoek, waarmee in artikel 84(2) gehandel word. Hierdie wysiging het ten doel om die regte te beskerm van die persone waarna in die gemelde subartikels verwys word.

Klousule 56

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vervanging, in artikel 87 van die Wet, van subartikel (1) ten einde ’n geringe grammatiese regstelling aan te bring en verwysings reg te stel.

Klousule 57

Hierdie klousule maak voorsiening vir die wysiging van artikel 89(1) ten opsigte van die bepaling verwant aan die Wet se aanvangsdatum, en van artikel 89(4), (5), (10) en (13) van die Wet ten opsigte van die oorgangsreëlings in soverre dit spesifieke tipes lisensies betref.

Klousule 58

Hierdie klousule maak voorsiening vir die wysiging van artikel 91 van die Wet en die invoeging van ’n nuwe subartikel wat verband hou met die inwerkingtreding van die onderskeie bepalings van die Wet.

Klousule 59

Hierdie klousule vermeld die titel van die Wet en maak voorsiening vir die afkondiging daarvan deur die Premier.

3. OORLEGPLEGING

Die konsepwysigingswetsontwerp is op 16 Oktober 2009 vir kommentaar gepubliseer, met 23 November 2009 as die sluitingsdatum vir sodanige kommentaar. Vier-en-twintig (24) stelle kommentaar is ontvang van belanghebbendes wat gestrek het van lede van die publiek tot lisensiehouers, regspraktisyns en nie-regeringsorganisasies wat aktief is in die arena van die bekamping van die negatiewe gevolge van drankmisbruik. Daarbenewens is die Departement van Handel en Nywerheid, die Suid-Afrikaanse Polisie en Stad Kaapstad ten opsigte van sekere aspekte van die voorgestelde wysigings geraadpleeg.

4. FINANSIËLE IMPLIKASIES VIR DIE STAAT

Dranklisensiefooie sal wesentlik verhoog word ingevolge die nuwe wetgewing. Terwyl die presiese fooie uitendelik deur die Minister bepaal sal word ingevolge die Regulasies wat na die proklamasie van die Wet uitgevaardig sal word, is die voorgestelde fooiestruktuur vir toepassing ingevolge hierdie Wet in 2008 gepubliseer, en het dit weinig kommentaar ontlok. Gegrond op die voorgestelde fooiestruktuur, sal die geskatte inkomste wat deur die Wes-Kaapse Drankowerheid ingevorder sal word, waarskynlik meer as R 22 miljoen beloop. Die entiteit sal waarskynlik selfonderhoudend wees.

5. REGSBEVOEGDHEID

Die Provinsiale Minister verantwoordelik vir ekonomiese ontwikkeling in die Wes-Kaap is tevrede dat al die bepalings van die Wetsontwerp binne die regsbevoegdheid van die provinsiale regering val.